No 1323 19 Junie 2016

GEMEENTEBRIEF

Kol 2:14: "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."

Gereformeerde Kerk
Pretoria-Alkantrant

Webtuiste: www.gk-alkantrant.co.za • **Facebook:** Gereformeerde Kerk Alkantrant • **Predikant**: Ds Dirk Kotzee: 079 305 3297, dkotzee@gmail.com • **Skriba:** Hennie Klopper: 082 578 1417, hbklopper@webmail.co.za •**Administratiewe beampte:** Rina de Villiers: 081 599 2321, pikkie.rina18@gmail.com •**Attes skriba:** Tjaart van der Walt: 083 303 1275, mwnts@mweb.co.za
Bankbesonderhede: *GK Alkantrant, Absa-rekeningnommer 540 340 404, Takkode: 334 745*

Erediens

Hartlik welkom in die erediens. Mag die Here ons saamwees met Hom en met mekaar ryklik seën. Daar is vanmôre slegs een erediens om 09:00. Ds Dirk Kotzee lei die erediens.

Lees: Galasiërs 5:13-6:5; Filippense 2:5-11
Teks: Galasiërs 5:22; 6:1 en Filippense 2:5
Tema: Die vrug van die Gees: Getrouheid

Preekskets
Die vrug van die Gees is liefde. Liefde word op sy beurt weer opgebou deur nederigheid. Nederigheid is immers 'n integrale deel van selfopofferende liefde, of *agapé* – dié liefde wat die Bybel aan ons bekend maak. Dit is 'n baie besonderse kenmerk van die dissipels van Jesus, naamlik om in liefde diensbaar te wees vir ons naaste en in gehoorsaamheid aan God. Mag God deur sy Gees ons daartoe help.

Sing
Lied 151:1 en 2
Psalm 146:1 en 8
Psalm 19-2:4 en 5
Psalm 42:1
Skrifberyming 12-3:1 en 2
Skrifberyming 13-3

Kollektes
Tydens erediens: Diakonale kas
By die deure: Borg-'n-Bybel
Volgende Sondag: Ekumenisiteit

Diensbeurte
Die kerkraadslede van Wyk G3 is vandag aan diens: Ouderling André Gous en diaken Lionel Naudé.

Katkisasietoesig
Daar is geen kategese nie weens die langnaweek.

Gemeentesake

Lief en leed
Ons maak met leedwese die afsterwe bekend van sr Jakkie Ehlers se suster. Ons bid haar en die familie die Here se ryke troos toe. Mag ons ewige, lewende God julle vertroos en bemoedig.

Dissipelskap – toerustingsgeleentheid
Vanweë die langnaweek en die komende skool-vakansie, sal die beplande toerustingsgeleentheid **nie vanaand voortgaan nie**, maar dit sal wel weer volgende kwartaal aangebied word.

Die datum sal in die eerste *Gemeentebrief* van volgende kwartaal verskyn.

Katkisasie
Kategese hervat weer op **24 Julie 2016** direk na die eerste erediens.

Ons is op Facebook!
Like us on Facebook

Ons het vir jonk, oud, broers, susters en besoekers 'n platform geskep waar ons sosiaal kan verkeer, foto's deel, nuus uitruil en nuwe vriende kan maak. Almal is welkom! Kom praat lekker saam op ons *Facebook*-blad. Ons het al meer as 90 "likes".

Fondsinsameling: Hout en vleis

Sekelbos-braaihout beskikbaar teen R20/sak. Smaaklike wildswors en maalvleis teen R65/kg. Daar is ook wildspasteie, droëwors, biltong, hoender-, bees- en herderspastei, lasagne, bobotie en malvapoeding te koop.

Ná die erediens kan Nico of Marius u help by die motorhuis agter die konsistorie.

Gemeentelike aktiwiteite

Sustersake

Skinkbeurte

Vandag*:* Geen tee word bedien nie weens die langnaweek.

Volgende Sondag is daar geen teeskinkbeurte nie weens die skoolvakansie.

Susters word vriendelik versoek om maar ’n ogie op die teeskinkbeurtlys in die ingangsportaal te hou en seker te maak wanneer hulle handjie moet bysit.

Koeksisters

Daar is weer koeksisters te koop in die portaal teen R25,00 per dosyn.

Bybelstudie

Daar is vandeesweek geen Bybelstudie in die aand nie vanweë ds Dirk se verantwoordelikheid by die Moot-skoolverlaterskamp.

Koffiekroeg

Daar sal tot na die eksamens en skoolvakansie geen koffiekroeg wees nie.

Vir dié wat graag die kunswerke van die koffiekroegkunstenaars wil sien, kan gerus daarna kom kyk by die koffiestasie in die konsistorie!

Die koffiekroeg spring weer weg op Sondagaand **24 Julie 2016** om **17:00** in die konsistorie.

Mootkamp 2016

Die Mootkamp is van 25 Junie tot 2 Julie 2016. Dit is ’n kamp vir hoërskoolkinders vanoor die hele Pretoria. Die kamp se tema is *Dors!*

Die aanbieders van die kamp is ds Nikolaas Pienaar, ds Chris de Beer en ds Dirk Kotzee, in samewerking met die studente van GK Brooklyn wat as groepleiers optree. Kom deel in die pret en verdiep jou verhouding met God! Enige navrae? Kontak gerus vir ds Dirk Kotzee by 079 305 3297.

Verjaarsdae

Hartlik geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Ons bid julle ’n mooi, geseënde en voorspoedige lewensjaar toe**.**

Maandag 20 Junie
Anita du Plessis – 082 573 0899
Hennie Pretorius (jnr) – 012 348 4422
Victor Whitlock – 082 410 4741

Dinsdag 21 Junie
Nico Oosthuizen – 082 450 8936
Thomas van Wyk de Vries – 083 299 7231

Woensdag 22 Junie
Reah Pretorius – 012 361 4630
Fanus Swart – 083 263 7183

Donderdag 23 Junie
Bennie van der Walt – 083 450 2859
Annelie Venter – 083 662 4788

Vrydag 24 Junie
Philip Blignaut – 082 579 3577
Wim van der Ahee – 076 378 8782

Saterdag 25 Junie
Rita Swanepoel – 082 417 0847

Nuwe intrekkers

Hartlik welkom aan alle nuwe intrekkers!
Ons wil graag kennis maak. Ontmoet ds Dirk in die portaal na die erediens.

Gedagte vir die week

Elke Christen is ’n boodskapper van Jesus Christus in die wêreld. Jy verteenwoordig die saak van jou Koning.

Mag ons dit nooit vergeet nie. – Anoniem

Dagboek

Hierdie week

19 Junie: Slegs een erediens om 09:00.
Geen kategese nie.
24 Junie: Skole sluit

Gedurende die skoolvakansie

26 Junie: Een erediens om 09:00.
Ds Dirk is gedurende die res van daardie week by die Mootkamp.
3 Julie: Een erediens om 09:00 (ds Nico preek)
10 Julie: Een erediens om 09:00 (ds Nico preek)

Advertensies

Indien daar plek in die gemeentebrief is, plaas ons u advertensies gratis. Reël asseblief met die redaksie in verband met die tydperk van die plasing. Advertensies en berigte moet ons voor 11:00 op die Donderdag voor voorgestelde plasing bereik.

Lekker tuisgebak

Bevrore hoender-, bees- en herderspastei, bobotie, lasagne en malvapoeding is nou te koop – ook wildsvleis en wildspasteie.

Skakel ons gerus vir enige spyseniering:
Rina de Villiers: 081 599 2321
Christiaan Swanepoel: 073 769 0455

Boekhouding en administrasie

Ek kan deeltyds help met boekhouding en administrasie.

Kontak *Carlene* by 072 345 8O67 of stuur e-pos na carlene.bookkeeping@gmail.com

Vakansieverblyf: Natalse Suidkus

Eenheid in SanLameer te huur. 3 slaapkamers (slaap 6), 2 badkamers, blouvlagstrand, veilige omgewing, ten volle toegerus.

Skakel vir *Marie-Louise Els* by 082 341 0855 of e-pos haar by marielouiseels@gmail.com

Vakansieverblyf: Wes-Kaap

Vakansiehuis te huur in Kleinmond. Slaap 6. Ten volle toegerus. Loopafstand na die strand. Geen troeteldiere. Beskikbaar teen R600 per dag, minimum 10 dae.

Kontak *Nols* of *Bettie Swanepoel* by 082 553 8960.

Loodgieterswerk

Frieswyk Loodgieters vir enige loodgieterswerk.

Kontak *Gerrit van Wyk de Vries* by 083 271 0892.

Vars gebak en spyseniering

Koeke, terte, kolwyntjies, beskuit, “platters” en spyseniering vir funksies, verjaardae, kinder-partytjies, doop of spesiale geleenthede.

Skakel *Christiaan Swanepoel* by 073 769 0455 of stuur ’n e-pos aan cjswan4@gmail.com.

Susan Swanepoel Musiekskool

Onderrig in klavier, teorie en harmonie en afrigting in sang. Alle grade. Begeleiding van alle instrumente en sang.

Kontak *Susan* by 083 252 0983 of 012 993 1074.

Die Waslyn

Ons kom haal gordyne af en was, droog en stryk dit. Skakel 078 296 4593.

Boomsloping en snoeiwerk

Jac Marais (’n lidmaat van GK Kameeldrift) doen sloping en snoei van bome en struike in tuine. Skakel 012 819 1316 of 082 412 7137.

Vir die jongklomp

Kleur die prentjie in en gesels met Pappa en Mamma oor die betekenis van nederigheid.